Graad 1 Doenboek

Ek is deel van God se groot verhaal

Johannes Mouton

KENNIS-KATEGESE

BM Bybel-Media | jeugfokus

Inhoudsopgawe

’n Brief vir jou en jou ouers 4-5

1. Afskop 6

Tema 1 – Die skepping

2. God het alles goed gemaak 8
3. God het my wonderlik gemaak 10

Tema 2 – Koninkrykstyd

4. God kyk anders 12

Tema 3 – Lydenstyd

5. Jesus, die anderste Koning 14
6. Sing en sing en sing dan saam 16

Tema 4 – Paasfees

7. Jesus word gekruisig 18
8. Jesus leef! 20
9. Die evangelie in kleur 22

Tema 5 – Hemelvaart

10. Hemel toe 24

Tema 6 – Pinkster

11. Veels geluk, liewe kerk 26
12. Met die Gees in ons 28

Tema 7 – Aartsvaders

13. Verbondskind 30
14. Wees ’n seën 32
15. God sorg 34
16. Moenie bang wees nie 36

Tema 8 – Ballingskap

17. Daniël en die leeus 38

Tema 9 – Jesus se lewe

18. Luister en doen 40
19. Min vir baie 42
20. Jesus is lief vir my 44
21. Jesus word gebore (Kersfees) 46

’n Brief vir jou

Baie welkom by hierdie jaar se kategese. Dit is wonderlik dat jy deel van hierdie groep is. Ons glo jy sal dit geniet en baie van die Here leer.

Die Bybel is die wonderlikste boek op aarde. Dit is God se woorde aan mense. Ons leer daarin hoe God is en hoe ons as gelowiges ons lewe behoort in te rig. Dit is hoekom dit belangrik is dat jy die Bybel van jongs af lees.

Ons gaan jou daarom vanjaar help om God en die Bybel beter te leer ken. In die groep gaan julle elke week oor ’n onderwerp gesels en aktiwiteite saam doen. As groep gaan julle mekaar help en ondersteun. Julle gaan saam dink en saam gesels om die Bybel beter te leer ken en te verstaan sodat julle elke dag daarvolgens kan leef.

Dit sal lekker wees as jy elke week die ontmoeting bywoon, anders gaan jy baie mis.

Jy het natuurlik ook hierdie *Doenboek* om jou te help. Die *Doenboek* sal jou help om alles waaroor julle in die groep gesels het nog beter te verstaan. Maak gerus in die week tyd om die aktiwiteite in die *Doenboek* te doen. Jy kan dit alleen doen of saam met iemand wat saam met jou in die huis woon.

Ons bid dat hierdie jaar vir jou baie lekker gaan wees en dat jy sommer baie van God en die Bybel sal leer.

Geniet dit!

’n Brief vir jou ouers

Liewe Ouer

Dit is ’n voorreg om jou kind in my groep te hê. Ek glo dit sal vir ons elkeen ’n wonderlike en geseënde jaar wees.

By elke ontmoeting is daar ’n aktiwiteit wat die kinders by die huis kan doen. Dit help om die inhoud vas te lê. Ek wil graag vra dat jy iewers in die week tyd sal maak om die aktiwiteit in die *Doenboek* saam met jou kind deur te werk. Dit is ’n wonderlike geleentheid om by jou kind se geloofopvoeding betrokke te wees.

Dan wil ek ook vra dat jy gereeld vir ons groep sal bid. Ek sal ook moeite doen om vir julle gesin te bid.

Vriendelike groete

Selfoonnommer: .....

E-posadres: .....

Ontmoeting 2
God het alles goed gemaak

Kernvers	Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed – Genesis 1:31a.
Kernwaarheid	God het alles in die skepping goed gemaak en ons loof Hom daarvoor.
Lees	Genesis 1:1 – 2:4a
Wonder	Hoe kan ons vir God dankie sê dat Hy die skepping so wonderlik gemaak het?
Leef	Wat kan jy hierdie week doen om vir God se skepping te sorg (soos tuin natmaak, vuilgoed optel en troeteldiere kosgee)?
Bid	Sê vir die Here dankie vir sy wonderlike skepping.



Waaroor is jy die blyste dat God dit gemaak het? Teken dit hier.

Aktiwiteit

Ontmoeting 4
God kyk anders

Kernvers	"Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike" – 1 Samuel 16:7b.
Kernwaarheid	Die Here kies nie soos mense nie. Hy maak nie onderskeid nie. Hy kies ons elkeen.
Lees	1 Samuel 16:1-13
Wonder	Wat beteken dit vir jou dat God jou spesiaal as sy kind gekies het?
Leef	Hoe leef 'n Koningskind?
Bid	Baie dankie, Here, dat U my gekies het. Help my om as 'n Koningskind vir U te leef.

Kleur die kroon in volgens die nommers en kleure.

1 – geel 2 – rooi 3 – oranje



Aktiwiteit